MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

NUWE INISIATIEWE BY DIE VTM OM FONDSE TE GENEREER

Pretoria, 22 Februarie 2012. Dit is alom bekend dat die Departement van Kuns en Kultuur die subsidie wat verlede jaar aan die Monument betaal moes word, skielik met die helfte gesny het. Die feit dat die subsidie vier maande laat oorbetaal is, het daartoe gelei dat die Monument ernstige finansierings- en kontantvloeiprobleme ondervind het. Ten spyte daarvan, het die Monument nou verskeie inisiatiewe geloods om hierdie probleem aan te spreek.

Die eerste van hierdie inisiatiewe is reeds in 2009 geloods met Projek *Quo Vadis* om mense te laat besin oor die langtermynpad vooruitsigte van die Voortrekkermonument en verwante organisasies. Een van die opsies tydens hierdie ondersoek was om as kultuurinstelling verklaar te word en sodoende die Staat besit van die Monument te gee. Tydens die projek het die Monument se ondersteuningsbasis erg kapsie hierteen gemaak en gevoel dat die Monument ten alle koste in privaatbesit moet bly. In die proses is anonieme beloftes gemaak van nagenoeg R800 000 vir die bedryf and instandhouding van die VTM, maar ongelukkig het slegs ongeveer R120 000 hiervan gerealiseer.

Die Monument het intussen ‘n eie SMS-nommer gekry sodat mense geld kan skenk om toe te sien dat dit behoue vir ons nageslag bly. Persone wat ‘n bydrae wil lewer, kan ‘n SMS stuur na 49999 met hul naam en e-pos adres. Die SMS kos R30. Persone is welkom om soveel SMS’e te stuur as wat hulle wil. As elkeen van die 30 000 mense wat die Afriforum muisekfees verlede jaar by die Monument bygewoon het, ‘n SMS stuur, sal dit tot ‘n aansienlike kontantinspuiting vir die Monument lei.

Daar is ook verskeie ander maniere waarop die Monument ondersteun kan word:

- D.m.v. ‘n maandelikse debietorderbydrae. Die vorm hiervoor is beskikbaar op die VTM se webblad www.voortrekkermon.org.za onder Finansiële Steun
- Sluit as Vriend van die Monument en Bloedrivier aan teen R150 per jaar – vorm is ook op die webblad beskikbaar
- Aansluit as lewenslange Vriend van die Monument en Bloedrivier met ’n eenmalige betaling van R2 000
- Deur ’n nis in die gedenktuin aan te koop. Kontak Lidia op jlhendriks@xsinet.co.za
- ‘n Eenmalig donasie na gelang van u geldelike omstandighede
- ‘n Testamentêre bemaking aan die Monument.

Die Monument loods ook hierdie jaar ‘n Militêre Fees as nuwe inisiatief, wat elke jaar op 1 Mei sal plaasvind. Intussen is die Monument verlede jaar as Graad 1 Nasionale Erfenisterrein verklaar en a.g.v daarvan gaan die VTM voort met samesprekings met die onderskeie staatsdepartemente t.o.v. ‘n moontlike verhoging in die jaarlikse staatsubsidie.

_____

UITGEREIK DEUR:

SONJA LOMBARD

BESTURENDE DIREKTEUR: VOORTREKKERMONUMENT

TEL: 012 326 6770

FAKS: 012 326 8374

E-POS: sonja@voortrekkermon.org.za